Engele—diensknegte van God!

Psa 91:11 want **Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee** om jou te bewaar op al jou weë.

Engele—Diensknegte van God!

Die woord **engel** word hoofsaaklik in die Skrif gebruik met betrekking tot die bonatuurlike hemelse wesens wie optree as God se boodskappers aan die mens. Vanaf gen 3:24 tot opb 22:16.

Daar word 300 keer in die 66 boeke van die Bybel gepraat van engele.

Tweehonderd keer van **engele** en eenhonderd keer van **engel**. Daar word 60 keer gepraat van Serafs en Gérubs.

Engel beteken letterlik **boodskapper** in diens geneem om nuus of informasie oor te dra van een persoon na 'n ander.

Dan 4:13 Ek het in die gesigte van my hoof op my bed gesien, en kyk, **'n bode, naamlik 'n heilige, het uit die hemel neergedaal**; (engel)Gr=Angellos wat boodskapper of gestuurde beteken.

Engel van die Here.

Die term **'Engel van die Here'** verwys gewoonlik na die Here self.

Gen 16:7 En die **Engel van die HERE** het haar by 'n fontein in die woestyn gevind, by die fontein op pad na Sur,

Rigt 2:1 Toe trek die **Engel van die HERE** van Gilgal op na Bogim en sê: Ek het julle uit Egipte laat optrek en julle gebring in die land wat Ek julle vaders met 'n eed beloof

Engele is deur God geskape.

'n Engel is 'n **intelligente geestelike wese** wat **deur God geskape is** en deur God gebruik word om Sy wil aan die mens oor te dra.

Neh 9:6 U is alleen die HERE, U het die hemel, die hoogste hemel en al **sy leërskare**, gemaak,.....
Psa 148:5 Laat hulle die Naam van die HERE loof; want **Hy het**

bevel gegee—en hulle is geskape.

Kol 1:16 want in Hom is **alle dinge geskape wat in die hemele** en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.

Dienaars van God.

Engele is dus dienaars van God en word ook in die Skrif dienende geeste genoem.

Psm 91:11 Want HY sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al weë.

"GOD beveel SY engele !!! "mense beveel nie GOD se engele nie,engele staan onder die gesag van GOD,en voer sy op-dragte uit. Engele ontvang nie opdragte van mense nie. Dus het geen mens die reg om opdragte aan engele te gee nie. U opdragte sal deur engele verwerp word. Dit skep n gees van selfverheffing wat GOD nie welbehaaglik is nie. (Heb 2: 7 U het hom"die mens"weinig minder as die engele gemaak.)

Exo 23:20 Kyk, **Ek stuur 'n Engel** voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het.

Heb 1:14 Is hulle nie almal **dienende geeste** wat vir **diens uitgestuur word** ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?

AAN DIE MENS IS WEL AL DIE MAG GEGEE OOR DIE BOSE OF GEVALLE ENGELE !!!

Luk 9:1 En HY het sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle MAG en GESAG gegee OOR AL DIE duiwels.(demone)

Luk 10:17(b) ... HERE, ook die duiwels (demone) onderwerp hulle aan ons in U NAAM.

Engele word ook 'die seuns van God' genoem.

Gen 6:2 sien die seuns van GOD dat die dogters van die mens mooi was ……

Job 1:6 En op 'n dag toe die **seuns van God** kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom.

Job 38:7 Toe die **môresterre (engele**) saam gejubel en al die **seuns van God (engele)** gejuig het?

Hierby word bedoel dat die engele teenwoordig was by die skepping van die aarde, met ander woorde, **God het die engele geskape voor die grondlegging van die wêreld.**

Gewone engele het twee vlerke

Open 8:13 En ek het gesien en gehoor **'n engel** wat **in die middel van die hemel vlieg,** wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!

Open 14:6 En ek het 'n ander **engel in die middel van die lug sien vlieg** met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke.

Gérubs het vier vlerke

In Eksodus 25 lees ons van die **gérubs** wat op die versoendeksel moes kom:

Exo 25:20 En die **gérubs** moet die vlerke boontoe uitgesprei hou, terwyl hulle met hul vlerke die versoendeksel beskut; en hulle aangesigte moet na mekaar toe wees; die gesigte van die gérubs moet op die versoendeksel gerig wees.

Eseg 1:5 En daaruit het die gestalte van vier wesens (**gérubs**) gekom, en dit was hulle voorkoms: hulle het **die gestalte van 'n mens** gehad;

Eseg 1:6 en elkeen het vier aangesigte gehad en **elkeen van hulle**

vier vlerke;

Serafs het ses vlerke

Dan lees ons in Jesaja dat die **seraf** 6 vlerke het.

Jea 6:2 Serafs het bo Hom gestaan; **elkeen het ses vlerke gehad**: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg.

Jes 6:6 Maar een van die **serafs** het na my toe gevlieg met ‘n gloeiende kool in sy hand, wat hy met ‘n tang van die altaar af geneem het,

Open 4:8 En die vier lewende wesens (**serafs**) het elkeen vir homself **ses vlerke** gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: **Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!**

Engele in die gestalte van ‘n mens

Gen 18:2 Toe hy (Abraham) sy oë opslaan en kyk, staan daar **drie manne** voor hom. En toe hy hulle sien, loop hy hulle tegemoet van die ingang van die tent af en buig hom na die aarde toe.

Jos 5:13 En terwyl Josua by Jérigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan **‘n man** teenoor hom met ‘n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande?

Jos 5:14 En Hy sê: Nee, maar **Ek is die leërowerste van die HERE**; Ek het nou gekom. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê?

Luk 24:4 En terwyl hulle hieroor in verleentheid was, staan daar **twee manne** by hulle in blink klere.

Hand 1:10 En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy

weggaan, staan daar **twee manne** in wit klere by hulle,

Engele met 'n sending.

God stuur engele om sy oordele uit te voer.

Gen 19:12 Daarop sê die manne (**engele**) vir Lot: Wie het jy hier nog? 'n Skoonseun en jou seuns en jou dogters en almal wat jy het in die stad—bring hulle uit die plek uit;
Gen 19:13 want **ons gaan hierdie plek verwoes**, omdat die geroep oor hulle groot is voor die aangesig van die HERE, en **die HERE het ons gestuur om dit te verwoes.**

2Sam 24:16 Maar **toe die engel sy hand uitsteek na Jerusalem** om dit **te verwoes,** het dit die **HERE berou** oor die onheil, en Hy het aan **die engel wat die verwoesting onder die volk moes aanrig**, gesê: Genoeg, trek nou jou hand terug! .....

Psa 78:49 Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, **'n uitsending van ongeluksbodes**.

DIE BOEK OPENBAING !!!

BYNA 'N DERDE VAN DIE BYBELSE VERWYSINGS NA ENGELE, KOM IN DIE BOEK OPENBARING VOOR.

ENGELE GAAN NOG 'N GROOT ROL SPEEL IN DIE TOEKOMSTIGE TOORN EN GRIMMIGHEID VAN GOD SE OORDELE, IN DIE BOEK OPENBARING. HOOFSTUKKE 8, 9, 16 ENS. OPB 20:1-3 Word die duiwel deur 'N ENGEL gegryp, gebind met 'n ketting en in die afgrond (Abussos) gewerp duisend jaar lank.

Ander take:

Job 33:23 Is daar dan vir hom **'n gesant (engel), 'n tolk**, een

uit duisend, om **die mens sy plig te kenne te gee**;

Luk 1:26 En in die sesde maand is **die engel Gabriël deur God gestuur** na ‘n stad in Galiléa met die naam van Násaret,
Luk 1:30 En die **engel** sê vir haar: **Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind.**

Engele is onsterflik:

Engele is nie geskape om voort te plant nie [Slegs in die manlike geslag], hulle trou nie en kan ook nie sterf nie.
Luk 20:36 Want **hulle [die bruid van Christus] kan ook nie meer sterwe nie**, want hulle is **soos die engele** en is kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is.

Engele is gehoorsaam en onderworpe.

Psa 103:20 Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, **in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord**!

1Pet 3:22 (Jesus)wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, **terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is. (EN NIE AAN MENSE NIE)**

Engele is wys.

2Sam 14:17 Verder het u dienares gedink: Mag tog die woord van my heer die koning tot gerusstelling wees. **Want soos ‘n engel van God, so is my heer die koning om goed en kwaad te verstaan.** En mag die HERE u God met u wees!
2Sam 14:20 Om die saak ‘n ander voorkoms te gee, het u dienaar Joab hierdie ding gedoen. **Maar my heer is wys soos die wys-heid van ‘n engel van God om alles te weet wat op die aarde gebeur.**

Engele dra kennis van en stel belang in aardse gebeure.

Luk 15:7 Ek sê vir julle dat daar net so **blydskap sal wees in die**

hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.

Luk 15:10 So, sê Ek vir julle, **is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.**

1Pet 1:12 Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is—**dinge waarin die engele begerig is om in te sien.**

Engele is magtig.

2Kon 19:35 En in dieselfde nag het **die engel van die HERE** uitgetrek en in die laer van die Assiriërs **honderd vyf en tagtig duisend [185000] verslaan**; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak—was dit almal dooie liggame! "Die krag van een engel"

Een engel werp Satan in die bodemlose put en daar word hy gebind vir ‘n duisend jaar.

Open 20:1 En ek het ‘**n engel** uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en ‘n groot ketting in sy hand.

Open 20:2 En **hy het die draak gegryp** die ou slang wat **die duiwel en die Satan is** en hy het hom gebind duisend jaar lank,

Open 20:3 en hom in die **afgrond (Abussos = afgrond, bodemlose put**) gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan ‘n kort tydjie ontbind word.

Die drie magtigste engele

Die **drie magtige engele**, **volgens die Bybel**, was dan **Gabriël, Mígael** en **Lucifer** - elkeen met **'n derde** van die **engele onder sy beheer**.

Gabriël - God se spesiale boodskapper.

Dan 8:16 En ek het 'n mense stem gehoor uit die Ulai wat geroep en gesê het: **Gabriël**, laat hierdie een die gesig verstaan!

Dan 9:21 terwyl ek nog spreek in die gebed, het **die man Gabriël** wat ek, uitgeput van vermoeienis, 'n vorige keer in die gesig gesien het, na my gekom omtrent die tyd van die aandspysoffer.

Luk 1:19 En die engel antwoord en sê vir hom: **Ek is Gabriël wat voor God staan,** en ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring.

Mígael—die aartsengel.

Aartsengel beteken— hoof engel, leier van die engele.

Dan 10:13 maar die vors van die koninkryk van die Perse het een en twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, **Mígael, een van die vernaamste vorste,** het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië.

Dan 10:21 Nogtans sal ek jou te kenne gee wat geskrywe is in die boek van die waarheid; en daar is nie een wat hom saam met my dapper gedra teen hulle nie, **behalwe julle vors Mígael**.

Dan 12:1 En in dié tyd sal **Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan,** optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elk-een wat in die boek opgeskrywe staan.

Hieruit blyk dit dat **Mígael as vors oor die Joodse volk** aangestel is.

Jud 1:9 Maar toe **Mígael,** die aartsengel, met die duiwel in woorde-stryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: **Die Here bestraf jou**!

Lucifer—môrester—seun van die daeraad.

Jes 14:12 Hoe het jy uit die hemel geval, o **môrester**, **seun van die dageraad** (**Lucifer**)! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!

Luk 10:18 Toe sê Hy vir hulle: Ek het die **Satan** soos 'n bliksem uit die hemel sien val.

Jes 14:11 Jou trots is neergewerp in die doderyk, **die geruis van jou harpe;** onder jou is wurms as 'n bed gesprei, en maaiers is jou bedekking.

Open 12:4 en sy (Lucifer) stert het **die derde van die sterre (engele) van die hemel** meegesleep en hulle op die aarde gegooi....

Efes 6:10-20 DIE WAPENRUSTING !!
Vers 12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte,teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die BOSE geeste in die lug.

BOGENOEMDE GEVALLE ENGELE "DEMONE" MOET NIE VERWAR WORD MET DIE ENGELE IN DIE DAE VAN NOAG NIE.

Eseg 28:12 Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die ko-ning van Tirus, (Lucifer) en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van ewerediqheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid.
Eseg 28:13 Jy was in Eden, die tuin van God; **allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei.**
Eseg 28:14 Jy (Lucifer) was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes.

Eseg 28:15 Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, **totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is**.

Dit blyk dan ook of **Lucifer afrigter van die enlgele kore was**, met **ingeboude musiekinstrumente**.

Open 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

ENGELE IN DIE DAE VAN NOAG, WAT HULLE EIE BEGINSELS NIE BEWAAR HET NIE.

Gen 6:2 sien **die seuns van God (engele)** dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. [Engele slegs in manlike geslag in die Bybel]

Job 4:18 Kyk, in sy **dienaars** stel Hy geen vertroue nie, en by sy **engele** ontdek Hy dwaling.
Job 15:15 Kyk, in sy **heiliges** stel Hy geen vertroue nie; ja, die **hemele** is nie rein in sy oë nie;

2Pet 2:4 Want as God **die engele wat gesondig het**, nie gespaar het nie, maar hulle in **die hel (Tartarus—die gevangenis van die gevalle engele in die onderwêreld) ge-werp {Sien middelblad kaart van onderwereld} en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word;**

Jud 1:6 En die **engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie,** maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag **met ewige boeie onder die duisternis bewaar**;

Die bruid van Jesus gaan hierdie gevalle engele oordeel.

1Kor 6:3 Weet julle nie **dat ons engele sal oordeel nie**, hoeveel te meer die alledaagse dinge?

Range en ordes.

Jos 5:14 En Hy sê: Nee, maar Ek is die **leërowerste van die HERE**;

Rom 8:38 Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of **owerhede** of **magte** of teenwoordige of toekomende dinge.
Rom 8:39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

Efes 3:10 sodat nou **deur die gemeente** aan **die owerhede** en **magte in die hemele** die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,

Efes 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die **owerhede**, teen die **magte**, teen die **wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu**, teen die bose geeste in die lug. (GEVALLE ENGELE - DEMONE)

Kol 2:15 nadat **Hy (JESUS)** die ***owerhede en magte uitgeklee*** en hulle in ***die openbaar tentoongestel*** en daardeur ***oor hulle getriomfeer het*.**

1 Joh 3:8 (b) Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

1Pet 3:22 (Jesus Christus) wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl **engele** en **magte** en **kragte** aan Hom onderwerp is.

Spesifieke take van engele.

Waarsku mense dat hul op die verkeerde weg is:

Num 22:32 En **die Engel van die HERE** vra hom (Bileam): Waarom het jy jou esel nou al drie maal geslaan? Kyk, Ek self het uitgegaan as 'n teëparty, **want jou weg loop gevaarlik steil in my oog**!

Voorsien voedsel aan mense:

1Kon 19:5 Daarop gaan hy **(Elia)** lê en raak onder ‘n besembos aan die slaap; en kyk, daar raak **‘n engel** hom aan en sê vir hom**: Staan op, eet!**

Beskerm mense:

Psa 34::8 Get. Die **Engel van die HERE trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.**

Psa 91:11 want **Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.**

Waarsku teen gevaar:

Mat 2:13 En toe hulle teruggegaan het, verskyn daar **‘n engel van die HERE** in ‘n droom aan Josef en sê: **Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek jou sê**; want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak.

Bring goeie tyding van redding:

Luk 2:10 En die engel sê vir hulle: **Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle ‘n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees,**

Verwyder die steen voor Jesus se graf:

Mat 28:2 En daar kom ‘n groot aardbewing, **want ‘n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.**

Dra ontslape weergeborenes na die hemel:

Luk 16:22 En toe die bedelaar sterf, **is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.**

Roer die water vir genesing: (Bad van Betésda)

Joh 5:4 Want '**n engel het op bepaalde tye in die bad neer -gedaal en die water geroer.** Die een wat dan die eerste ingaan ná die roering van die water, **het gesond geword**, aan watter siekte hy ook al gely het.

Verlos uit die gevangenis:

Hand 5:19 Maar '**n engel van die Here** het in die nag **die deure van die gevangenis oopgemaak en hulle (die Apostels) uitgelei en gesê:**
Hand 5:20 Gaan heen, staan en vertel in die tempel aan die volk al die woorde van hierdie lewe.

Engele van die verskillende gemeentes:

Open 1:20 die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is **die engele van die sewe gemeentes**, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.

Engele wat die heiliges se gebede in die hemel bymekaar -maak en aan God voorlê.

Open 8:3 En **'n ander engel** het gekom en met 'n **goue wierookbak** by die altaar gaan staan, en **baie reukwerk** is aan hom gegee, om dit met **die gebede van al die heiliges** op **die goue altaar voor die troon te lê;**
Open 8:4 en die rook van die reukwerk het met **die gebede van die heiliges uit die hand van die engel** opgegaan voor God.

Engele juig wanneer sondaars tot bekering kom.

Luk 15:7 Ek sê vir julle dat daar net so **blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer,** meer as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.

Luk 15:10 So, sê Ek vir julle, **is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.**

Engele stel belang in gemeente sake.

Efes3:10 sodat nou **deur die gemeente** aan die **owerhede** en **magte in die hemele** die **menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,**

1Kor 11:10 Daarom moet die vrou 'n aanduiding van gesag op die hoof hê ter wille van die engele. [hoofbedekking]

1Pet 1:12 Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is—**dinge waarin die engele begerig is om in te sien.**

Engele kan eet.

Gen 18:8 En hy (Abraham) neem dikmelk en soetmelk en die kalf wat hy klaargemaak het, en sit dit aan hulle (**engele**) voor, terwyl hy self by hulle onder die boom bly staan; **en hulle het geëet.**

Gen 19:3 Maar hy (Lot) het baie by hulle (**engele**) aangehou, sodat hulle na hom uitgedraai en in sy huis gekom het. En hy het vir hulle 'n maaltyd berei en ongesuurde koeke gebak, **en hulle het geëet.**

Psa 78:25 Mense het **die brood van die engele** geëet; Hy het hulle volop padkos gestuur. [Israel in die woestyn]

Engele verskyn in sigbare vorm of onsigbaar.

Num 22:22 Maar die toorn van God het ontvlam, omdat hy weggetrek het; en **die Engel van die HERE** het gaan staan in

die pad as sy teëparty, terwyl hy op sy esel ry en sy twee dienaars by hom was.

Num 22:23 En **die esel het die Engel van die HERE in die pad sien staan,** met sy ontblote swaard in sy hand; daarom het die esel uit die pad uitgedraai en die veld ingeloop. Maar Bíleam het die esel geslaan om haar na die pad te stuur.

Num 22:24 Daarop gaan **die Engel van die HERE** in ‘n hol pad tussen die wingerde staan—’n muur duskant en ‘n muur anderkant.

Num 22:25 En **toe die esel die Engel van die HERE sien**, druk sy haarself teen die muur en druk ook Bíleam se voet teen die muur; daarom het hy haar weer geslaan.

Num 22:26 En die **Engel van die HERE** het weer verder gegaan en bly staan op ‘n nou plek waar geen pad was om regs of links uit te draai nie.

Num 22:27 Toe **die esel die Engel van die HERE sien**, gaan sy onder Bíleam lê. Daarop het Bíleam baie kwaad geword en die esel met ‘n stok geslaan.

Num 22:28 Maar die HERE het die bek van die esel geopen, en sy sê vir Bíleam: Wat het ek jou gedoen, dat jy my nou al drie maal geslaan het?

Num 22:29 Daarop antwoord Bíleam die esel: Omdat jy die spot met my drywe. Was daar net ‘n swaard in my hand—dan het ek jou sekerlik doodgeslaan.

Num 22:30 En die esel sê vir Bíleam: Is ek nie jou esel waar jy jou lewe lank op gery het tot vandag toe nie? Was dit ooit my gewoonte om so met jou te doen? En hy antwoord: Nee.

Num 22:31 Toe open die HERE die oë van Bíleam, sodat hy die Engel van die HERE in die pad sien staan met sy ontblote swaard in sy hand, en hy het gebuig en op sy aangesig neergeval.

Heb 13:2 Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.

Engele WIL nie, en MAG nie, aanbid word nie.

Open 22:8 En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het;

en toe ek dit gehoor en gesien het, **het ek neergeval om te aanbid** voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het.

Open 22:9 Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n medediensknegvan jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.

Die getal van engele.

Dan 7:10 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; **duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan;** die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen.

Open 5:11 Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van **baie engele** rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en **hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende**; [100 triljoen—wetenskaplike syfer.]

Die sekondes van 30,000 jaar is maar een triljoen.

Engele van die elemente.

Water.

Open 16:5 En ek het **die engel van die waters** hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het;

Vuur.

Open 14:18 en 'n ander **engel wat mag oor die vuur gehad het**, het uit die altaar uitgekom en met 'n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword.

Winde.

Open 7:1 En ná hierdie dinge het ek **vier engele** op die vier hoeke van die aarde sien staan, en **hulle het die vier winde van die aarde vasgehou,** sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie.

Heb 1:7 En van die engele sê Hy wel: **Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme;**

Die Here sal sy engele stuur om die slegte mense bymekaar te maak.

Mat 13:41 die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk **bymekaarmaak al die struikelblokke** en **die wat die ongeregtigheid doen**,

Mat 13:49 So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die **engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei**

Engel van die bodemlose put.

Open 9:11 En hulle het **as koning oor hulle die engel van die afgrond**; sy **naam in Hebreeus is Abáddon**, en **in Grieks het hy die naam van Apóllion.**

Engele oorlog.

Open 12:7 En daar het **oorlog in die hemel** gekom[eerste hemel, wolke hemel]: **Mígael en sy engele** het oorlog gevoer teen die draak (Lucifer), en **die draak en sy engele** het oorlog gevoer;

Dawid noem dat die Here op 'n Gérub ry.

2Sam 22:11 En **Hy het op 'n gérub gery** en **gevlieg**; ja, Hy het verskyn op die vlerke van die wind.

By die kruisiging.

Mat 26:53 Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie?

'n Legioen het uit 6,000 Romeinse soldate bestaan. Twaalf legioene is dus: 12 x 6000 = 72,000 engele.

Die mens—weinig minder as engele.

Heb 2:6 maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek?

Heb 2:7 U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel.

Heb 2:9 maar ons sien Hom, naamlik **Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is**, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.

Joh 1:14 En die **WOORD {JESUS}** het vlees geword en onder ons gewoon,

By afsterwe is die mens **aan die engele gelyk.**

By die opstanding uit die graf, **hoër as die engele**. Want u is die bruid van CHRISTUS met 'n verheerlikte liggaam soos u BRUIDEGOM.

1 Joh 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van GOD, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as HY verskyn, aan HOM gelyk sal wees, omdat ons HOM sal sien soos HY is.

Jesus - uitnemender as die engele.

Heb 1:4 terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.

Engele sing, prys, loof en aanbid God.

Psa 103:20 Loof die HERE, **sy engele,** kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord!

Psa 148:2 Loof Hom, **al sy engele,** loof Hom, al sy leërskare!

Luk 2:13 En skielik was daar saam met die **engel** 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê:
Luk 2:14 Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!

Open 4:9 En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,
Open 4:10 val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê:
Open 4:11 U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.

Open 5:11 Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende;
Open 5:12 en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.

Engele slegs in die MANLIKE GESLAG!!!!

Die Bybel maak geen melding van engele in die **vroulike geslag** nie, ook nie in die **verkleinende vorm van 'engeltjie' nie,** maar maak net melding van **die 'seuns' en 'manne' van God.**

Die mag en krag van een engel:

2Kon 19:35 En in dieselfde nag het die engel van die HERE uitgetrek en in die laer van die Assiriërs **honderd vyf en tagtig duisend [185000]** verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak was dit almal dooie liggame! "Die krag van een engel"

Engele is ook toeskouers.

Hoe sou ons gelewe het as ons geweet het dat ons deurentyd bespied word, nie alleen deur ons genote in die eg, ouers en kinders nie, maar ook deur die hemelse leërskare? **Ons leer in 1 Kor 4 dat ons 'n skouspel vir die engele is.**

1Kor 4:9 .....; **want ons het 'n skouspel geword vir die wêreld, vir die engele sowel as vir die mense.**

In 1 Tim 5 maak Paulus vir Timotius daarop attent dat hy moet ont-hou dat die uitverkore engele toekyk hoe hy die Here dien.

1Tim 5:21 Ek besweer jou voor God en die Here Jesus Christus en **die uitverkore engele** dat jy hierdie dinge sonder vooroor-deel in ag neem en niks uit partydigheid doen nie.

1Tim 5:22 Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. Hou jou rein.

'n Bejaarde prediker wat tot laat in die nag gewerk het aan 'n preek vir sy klein gemeentetjie, se vrou het gevra waarom hy so baie tyd bestee aan die boodskap, aangesien hy dit tot so min mense sou rig. Hy het geantwoord: "Jy vergeet my liefling, hoe groot my gehoor gaan wees. Niks is onbeduidend hier waar die hemel toekyk nie."

Ons lewe hier mag met probleme en trane gevul wees, maar ons kan ons oë ophef om God en die engele te sien, die hemelse toeskouers, wat ons volgens God se grote wysheid ondersteun.

Engele offer die gebede van die heiliges.

Open 5:8 en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, **elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.**

Uit bogenoemde skrif blyk dit dat wanneer die kinders van die Here tot Hom bid, hul gebede op een of ander manier in goue skale opgevang word, en by spesiale geleenthede as die hoogste vorm van aanbidding aan God geoffer word deur die engele.

Engele het niks kosbaarder om aan God te offer as ons aanbidding nie.

'n Engel voltrek God se oordele.

Toe Herodus homself goddelike eer toegeëin het, is hy deur 'n engel van die Here getref.

Hand 12:21 En op 'n bepaalde dag het Herodes 'n koninklike kleed aangetrek en op die troon gaan sit en hulle toegespreek.
Hand 12:22 Daarop het die volk hom toegeroep: '**n Stem van 'n god en nie van 'n mens nie!**
Hand 12:23 En onmiddellik het '**n engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie; en hy is deur wurms verteer en het gesterwe.**

BESKERMENGELE !!!

Die vraag wat deur baie mense gestel word: Het elke mens ‘n bewaarengel wat jou daagliks beskerm en oppas? Hierdie gedagterigting vind reeds sy bestaan voor die tydperk van die apostels. Dit was toe die volksgeloof, dat elke mens ‘n beskermengel het wat jou ewebeeld is.

Dus lees ons toe Petrus, nadat hy bevry is deur die engel, hom haas na die huis waar die dissipels vir sy vrylating bid en dringend aan die deur klop. ‘n Diensmeisie met die naam van Rhodé gaan toe om die deur oop te maak en verneem wie dit is. Toe sy die stem van Petrus herken wou sy van blydskap die deur nie oopmaak nie, maar het na binne gehardloop en hulle vertel dat Petrus voor die poort staan. Maar hulle sê vir haar: jy is van jou verstand af. Maar sy het volgehou dat dit so is. Daarop sê hulle: "DIT IS SY ENGEL"(Hand 12 vers 1-15) Reeds hier kom die gedagte van ‘n bewaarengel te voorskyn. Vandag huldig nog baie mense genoemde sienswyse.

Geen mens mag tot engele bid nie, ons kan wel die HERE vra om sy engele te stuur om ons te bewaar en die HERE sal SY engele dienooreenkomstig opdrag gee. Engele neem geem opdragte van mense nie. Geen goddelose is bestand teen hierdie heilige en magtige wesens nie. "Psm 91:11 want HY sal SY engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar..

16 OKTOBER 1994 (RAPPORT)

VOLGENS gesaghebbende bronne het ruimtevaarders die hemelse wesens tydens die meeste van hul sendings opgemerk.

Reuse-engele waak oor ons in die hemelruim

DAAR is veel meer as die son, die maan en die sterre in die hemelruim. Daar is ook 'n groot aantal reuse-engele wat oor ons almal waghou.

Volgens Amerikaanse bronne het ruimtevaarders van die ruimte-agentskap Nasa honderde van die verskynsels teëgekom terwyl hulle in wentelbane om die aarde was. Ook Russiese ruimtevaarders het by geleentheid glo die vreemde gesig van engele gade geslaan.

Een ruimtevaarder beweer selfs een van die engele het beskermend oor hom gewaak toe hy sy ruimteskip verlaat het.

Bewerings dat engele skynbaar leef in die koue ruimte van ons sonnestelsel is so volop en wydverspreid dat selfs internasionale godsdienstige leiers nou kennis daarvan begin neem.

Volgens gesaghebbende bronne by Amerika se ruimtestasies in Houston, Texas en Cape Canaveral, Florida, is die hemelse wesens op die meeste ruimtesendings waargeneem en een ruimtevaarder maak selfs daarop aanspraak dat een engel hom terug aarde toe gevolg het.

Nou is daar getuienis van sterrekundiges wat traag toegee dat hulle al gevleuelde wesens wat soos groot vuurvliegies gloei, in die asteroïde-gordel tussen Mars en Jupiter waargeneem het.

"Daar is iets vreemds daarbuite, maar almal is bang om dit in die openbaar te erken," sê dr. Brian Forsythe, tot onlangs 'n navorser by Nasa.

"As dit Vreemde Vlieënde Voorwerpe of enige ander 'normale' aktiwiteit van ruimtewesens was, was daar nie die helfte van die weerstand teen openbare erkennings nie, maar engele? Geen gerespekteerde wetenskaplike of militêr is gewillig om sy aansien te waag deur te erken hy het engele in die hemelruim gesien nie."

Volgens dr. Forsythe is selfs die ruimtevaarders en sterrekundiges wat die engele gesien het, nie bereid om hulle so te noem nie. "Hulle verwys na die engele as 'ruimtewesens' omdat baie van hulle vrydenkers of selfs ateïste is."

'n Soortgelyke traagheid heers onder die Russe. Boris Sewenoff, wie se ruimtetuig drie dae lank deur 'n halfdosyn engele gevolg is terwyl dit in 'n wentelbaan om die aarde was, wil nie meer sê as dat hulle intelligente wesens van ongeveer vyftien meter lank was en dat hulle groot vlerke gehad het wat hulle in staat stel om teen 'n hoë spoed te vlieg nie.

"Ek het dit nie destyds gerapporteer nie," erken Sewenoff. "As ek dit gedoen het, sou die ateïste in die Sowjet-Unie my in 'n kerker toegesluit en die sleutel weggegooi het."

Dr. Sheldon Baker, 'n leiersfiguur in die Baptistekerk, sê ongelowiges sal die mees bisarre verduidelikings vir die engele aanvaar, eerder as om die ooglopende te erken – "dat God hulle gestuur het om oor ons te waak".

Open 3:20 Kyk, **Ek staan by die deur en Ek klop.** As **iemand my stem hoor** en die **deur oopmaak**, sal **Ek ingaan na hom toe** en **saam met hom maaltyd hou, en hy met My.**

Die deur kan slegs van die binnekant af oopgemaak word.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons **sondes** bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. **\Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!**

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus.** U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag. \Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 .....**—maak jou klaar om jou God te ontmoet, ...**

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.